# Lesing 2 - 13 November 2021 - Selfs die slegste en boosste sondaar besit die Goddelike vonk van Elohim se Liefde

## Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4
## JAKOB LORBER

***Verskille tussen die siele op aarde***

**Hfs 35 (Die Meester:)** "Bowendien bestaan daar tussen die siele wat van bo af kom ook nog verskille deurdat sommige van hulle uit die volmaakte sonnewêrelde kom. Hulle is sterker as diegene wat van die klein planete, wat soos hierdie aarde lyk, hierheen kom om op hierdie aarde kindskap van God te bereik.

[2] Hoe onvolmaakter `n planeet is, des te swakker is sy emigrante ook. Hulle het weliswaar `n minder swaar lewensproef om af te lê, maar kan tog aan hulle siel meer skade ly. Hulle het ewenwel `n sterk oerlewenskern in hulle, en as dit op die korrekte wyse gewek word, is die siele daarna tog ook weer vinnig heeltemal lewenskragtig.

[3] Ten slotte, en dit kom die meeste voor, is daar siele wat vanaf hulle oerbegin uit hierdie aarde stam. Hulle is oorspronklik geroep tot kindskap van God. **Hulle is die swakstes en loop die grootste risiko om heeltemal ten gronde gerig te word.** Dit sal egter nie so maklik gebeur nie, omdat daar tussen hulle altyd uit elke honderd wel één of twee sterkeres van bo hulleself bevind, waardeur die swak siele beskerm en daarvan bewaar word om totaal onder te gaan. Ook al is daar baie afgedwaalde skape daarby, dan word hulle te gelegener tyd tog weer teruggevind.

[4] Maar elke siel - hoe swak, onmagtig, geskonde en bedorwe ookal - het die **oerlewenskern** in haar wat nooit verlore kan gaan nie. As die siel binne die regte tydsduur sovêr gebring is dat haar innerlike oerlewenskern in haar **gewek** kan word, dan is sy vanaf daardie oomblik ook salig en in alle dinge sterk in die Liefde en in die Wysheid. Dan is sy net so goed `n **kind van die Allerhoogste**, as `n mensgeworde engelgees, of `n siel uit `n sentrale son, of uit `n geringere planetêre son, of uit die één of ander, buiteaardse, elders geleë, donkere en op sigself liglose aardbol, waarvan daar in die wye skepping meer is as die sand aan die see en al die gras op die aarde.

[5] Die van julle wat byvoorbeeld alreeds `n meer volmaakte mens is, kan `n sondaar en `n egte dierlike mens, hoe dom en bygelowig hy ookal is, **die hande oplê, of hom saggies van die neuswortel oor die slaap na benede stryk tot in die maagholte, dan word die mens daardeur in `n magnetiese slaap gebring.** In hierdie slaap word sy siel, ook al is sy hóé verward, bevry van liggaamlike kwelgeeste en die oerlewenskiem oefen dan dadelik gedurende `n kort tydjie haar invloed binne-in die siel uit.

[6] As jy dan vrae stel aan die een wat op dié wyse aan die slaap gemaak is, sal jy antwoorde kry waaroor jou wysheid haarself buitengewoon sal verbaas!

[7] As so `n mens na `n kort tydjie op eie versoek, wat mens moet opvolg, weer in die aardse lewe teruggebring word, het die oerlewenskiem **weer in sy ou rus teruggekeer** en die siel val dan weer terug in haar ou bande met die liggaam en herinner haar niks van wat daar met haar tydens die magnetiese slaap van haar liggaam gebeur het nie. Sy weet geen jota van alle wyshede wat sy met haar liggaamlike mond uitgespreek het nie en is **dan self weer net so onverstandig en bygelowig soos wat sy voorheen was**.

[8] Laat dit `n bewys vir julle wees dat geen enkele siel eintlik so te gronde kan gaan dat sy nooit genees kan word nie.

[9] Weliswaar sal daar vir menige siele `n geruime tyd hier, en nog `n langer tyd in die hiernamaals nodig wees voordat sy die selfstandige, gesonde stewigheid sal bereik wat nodig is om die lewenskiem geheel en al in haar op te wek en haar daardeur in alle dele te laat deurdring. Maar om hierdie lewensproses vir onmoontlik of ondenkbaar te beskou by `n siel wat grondig bedorwe blyk te wees, **sou `n ewe groot sonde teen God se Liefde en Wysheid wees, as om te meen dat `n siel wat as verdoem beskou word, op sigself `n produk van die hel sou wees, en haar met veroordelende, wêreldse oë aan te kyk as `n reusagtige, ondeurdringbare enklawe van sondes."**

**Hfs 42:[9]** Maar Zinka, wat die hele tyd in My nabyheid was om geen woord te mis nie, tree na vore en sê: "Meester, hoe sal ek dit nou kan doen, terwyl ek nog baie min vertroud is met die manier van behandeling?"

[10] Ek sê: **"Lê die regterhand op sy voorkop en die linker op die maagholte**, en hy sal dadelik in die genoemde slaap val en ook dadelik begin praat, maar met `n swakker stem as die normale! As jy hom dan weer wil wek, hoef jy slegs **vir enkele oomblikke jou hande andersom op te lê. Maar sodra hy ontwaak, trek jy jou hande terug en dan is die behandeling beëindig**!"

Hfs 42 (Die Meester:) "Sodat julle dit egter ook in die praktyk sal kan sien, sal Ek nou daarvoor sorg dat daar uit Césarea Philippi **so `n dom en deur en deur slegte mens sal opdaag.** Hy sal deur één van julle op hierdie wyse behandel word en julle sal sien en hoor hoe verbasingwekkend wys hierdie **stompsinnige en slegte man** in die ekstatiese slaap word. As hy daarna weer sal ontwaak, sal hy dadelik weer dieselfde slegte en bot man wees van voorheen, en dit sal ons moeite kos om hom langs die **natuurlike weg ook maar enigermate beter insigte oor God en die mense by te bring."**

***(Vervolg van vorige lesing)***

**Hfs 48: [11]** Weliswaar vind ek dit alles in my groot blindheid geen sonde nie, maar ek kry ook dikwels die geleentheid om my te laat oortuig van die waarheid. Maar ek wou my nie laat oortuig nie! Ek gebruik altyd Sparta en Lycurgus as verskoning en verag altyd die Romeinse wyse, regverdigheidswette! O hoe is ek tog `n ontsettende ellendeling!

[13] O, ek is `n verskriklike monster! Ek is erger as `n beer, erger as `n leeu, erger as `n tier, erger as `n hiëna, baie erger as `n wolf en nog baie erger as `n wilde vark! Want ek is ook so slu soos `n jakkals en dit stempel my tot `n egte, vermomde duiwel!

[14] O, my siel is baie siek en jy, broer Zinka, sal my

moeilik of glad nie kan genees nie!
[15] **Dit word nou wel ietwat ligter in my** en die baie dik rook en newels om my heen verdwyn! Kyk, hulle word dunner en dit lyk wel of ek gemakliker asemhaal. Maar in hierdie vermeerderde lig sien ek eers goed my ware wanstaltigheid, **vol van allerlei uitslag, vol bulte en weersinwekkende geswelle!** Ag, ag, ek sien daar uit soos `n egte gedrog! Waar kry jy `n dokter wat my sou kon genees?! My slegte liggaam is wel gesond, maar daardie liggaam kan my nie skeel nie as ek, die siel, maar net gesond kan wees!
[16] O God, as iemand my siel sou kon sien, sou hy ontset wees deur haar **oorgrote lelikheid**! Hoe ligter dit om my heen word, des te meer word dit sigbaar hoe **afskuwelik** my siel daaruit sien! Broer Zinka, is daar dan niks waardeur my siel bietjie beter daar sou kon uitsien nie?!"

***Die suiwering van die slapende siel***

**Hfs 49:1** Toe begin Zorel in sy slaap te sug en sommige meen dat hy nou sal ontwaak.
[2] Maar Ek sê vir hulle almal: "O sekerlik nie! Dit was nog maar **die eerste stadium van sy slaap**. Hy sal nog langer as `n uur slaap en binnekort weer in `n ander en **hoër stadium van sy sielelewe** begin te praat. Hierdie stadium bestaan uit die loswikkel van die siel van haar liggaamlike en op die wêreld gerigte, sinlike hartstogte, **wat hy moet sien as egte siektes aan die liggaamlike vorm van sy siel**, wat hom met diepe afsku moet vervul. Vir sulke siektes van die siel is daar geen ander medisyne nie as eerstens die **herkenning** daarvan, vervolgens die kry van die grootste **afsku** daarvoor, en uiteindelik die onwrikbare **wil** om so vinnig moontlik heeltemal daarvan af te kom. As dié wil eenmaal daar is, maak die genesing maklik vordering.
[3] Let nou op, hy begin dadelik weer te praat! Vriend Zinka, as hy jou weer vir iets vra, antwoord hom dan maar net in gedagtes, en hy sal jou hoor en duidelik verstaan!"
[4] Nog maar skaars het Ek Zinka hierdie aanwysing gegee of Zorel begin te praat en sê: "Kyk, ek huil oor my groot ellende! Uit dié trane ontstaan `n vywer soos Siloam in Jerusalem, en ek baai my nou in hierdie vywer en kyk, **die water van hierdie vywer genees die talle wonde, swere en bulte op die liggaam van my siel!** O, o, dit is `n egte **genesende bad**! Die littekens sien ek nou nog wel, maar die wonde, bulte en swere het verdwyn van die **liggaam van my o so arme siel.** Maar hoe was dit moontlik dat daar uit my trane kennelik `n hele vywer gevorm het?
[5] Rondom die vywer lê `n **heerlike landskap**, dit is die gebied van troos en lieflike hoop. My gevoel sê ook vir my dat ek op `n algehele genesing mag hoop. - O, hoe lieflik is hierdie streek, ek sou altyd daar wou bly! Die water in my vywer is nou baie helder, terwyl dit eers troebel was, en **hoe helderder dit word, des te heilsamer werk dit op my in**!
[6] Ag, maar nou merk ek ook dat daar iets in my wakker word wat na `n **sterke wil** lyk, en agter dié sterk wil merk ek iets soos woorde wat in my opborrel en wat luid roep: 'Ek wil, ek moet - ek moet omdat ek wil! Wie kan dit, wat ek wil, in my teëhou? Ek is vry om te wil. Ek mag nie wil wat ek behoort te wil nie, maar ek wil wat ek sélf wil! Wat waar en goed is, dit wil ek, omdat ek dit sélf wil en niemand kan my daartoe dwing nie!
[7] **Ek herken nou die Waarheid**. Sy is `n Lig van God uit die hemel! Ons gode is almal skimme, niks, heeltemal niks is hulle. Wie in hulle glo, is meer as `n egte dwaas, want `n egte dwaas glo nooit aan sulke waardelose gode nie. Ek sien die gode nêrens nie, maar ek sien die goddelike Lig en hoor die goddelike Woord. Maar God Self kan ek nie sien nie, want Hy is te heilig vir my.
[8] Maar nou het die water van my vywer rondom my al `n meer geword! Die meer is nie diep nie, die water staan my slegs tot aan die lendene. En dit is helder, onvoorstelbaar helder, maar daar is nog **geen vissies** in nie! Ja, daar sal ook nooit vissies in kom nie, want die vissies het hulle ontstaan deur God se asem en dit is `n volstreke almagtige asem! Ek is slegs `n baie swak mensesiel uit wie se asem geen vissies van God ontstaan nie.
[9] O, baie is daarvoor nodig, daarvoor moet mens baie almagtig wees as `n mens met sy asem vissies wil skep! O, `n mens kan dit nooit doen nie, want `n mens is veels te swak daarvoor! Heeltemal onmoontlik sou dit nou nie juis vir die mens wees nie, maar dan sou hy vol goddelike wil en goddelike gees moet wees! Vir `n egte mens is dit weliswaar nie onmoontlik nie, maar ek is nie `n egte mens nie en daarom is dit vir my tog heeltemal onmoontlik!
[10] Maar die water is suiwer en op die bodem is ook rein, louter mooi gras. Dit is tog regtig wonderlik: 'Onder die water sulke mooi **sappige gras**! En kyk, die gras groei sienderoë en begin die mooi water te verdring! Ja, ja, **die hoop word sterker** as die kennis en die vrees wat haar begelei!'
[11] Aha, aha, nou sien ek `n mens aan die taamlik ver verwyderde oewer. Hy wink vir my! Ja, ek sou gewis na hom toe wou gaan, maar ek weet nie hoe diep die meer orals is nie! Gestel dat daar baie diep plekke is, dan sou ek daarin verdwyn en verlore wees!
[12] Maar daar klink `n stem uit die water: **'Ek is orals ewe diep! Jy kan sonder angs of vrees deur my heen waad. Gaan na Hom wat jou roep, wat jou sal lei en oordeel!'** Dit is tog merkwaardig, hier praat selfs die water en die gras! Nee, dit het nog nooit gebeur nie!
[13] Ek gaan nou na die Vriend aan die oewer. `n Vriend moet Hy tog wel wees, anders sou Hy my nie gewink het om te kom nie. Zinka, jy is dit nie - dit is `n ander Een! Jou sien ek nou ook agter Hom, maar jy is lank nie so vriendelik soos Hy nie! Wie kan dit tog wees? Maar ek skaam my baie vir Hom, want ek is heeltemal naak. My liggaam sien daar nou weliswaar al baie goed uit, ek ontdek daar byna geen spore van siekte meer aan nie. O, had ek maar `n hemp gehad! Maar ek is so naak soos iemand in die bad. Maar ek moet tog daarheen, **Sy wink het `n geweldige aantrekkingskrag vir my!** Nou gaan ek - kyk eers, dit gaan baie goed!"